**2 April**

**Skrifgedeelte: Johannes 11:1-16**
**Fokusgedeelte: Johannes 11:9, 10**

**Loop in die dag!**

Lasarus is siek … Lasarus is dood … Maria en Marta is in diepe rou … Die Jode haat Jesus met ’n blinde haat … Hulle het Hom reeds probeer stenig … Daar is vrees in die harte van die dissipels … Ons lewe is inderdaad besaai met struikelblokke. Hoeveel dinge loop in jou lewe skeef, en kan nog moontlik skeef loop? Ons is so kwesbaar. Maar in hierdie omstandighede bied die Here ’n ryke troos. As jy in die dag loop, struikel jy nie.

Nadat Judas die bovertrek verlaat het om Jesus te gaan verraai, skryf Johannes (Joh 13:30): “Dit was nag.” Sonder Jesus is dit nag! Maar Jesus is die Lig vir die wêreld. Sy belofte is duidelik (Joh 8:12): “Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee.” As jy luister na wat die Here sê, sal die talle struikelblokke jou nooit laat struikel nie (Joh 5:24).

*Sing: Psalm 119:39*

*Ds. APC Duvenage (Emeritus)*